SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2018

# GRAAD 10

## EKONOMIE

## VRAESTEL 1

**TYD:** **1½ uur**

**PUNTE:** **100**

**11 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 1)**

**TYD: 1½ uur**

**PUNTE: 100**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1 Beantwoord DRIE vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord enige EEN van die twee vrae.
AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die twee vrae.

2 Beantwoord slegs die vereiste hoeveelheid vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3 Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

4 Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

5 Lees die vrae noukeurig deur.

6 Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7 Laat 2 – 3 reëls tussen die onderafdelings van die vrae oop.

8 Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoord ooreenstem met die kognitiewe vereistes van die vrae.

9 Gebruik slegs blou of swart ink.

10 Jy mag ŉ niegeprogrammeerde sakrekenaar gebruik.

11 Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **20 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskillende opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer. bv. 1.1.6. D

1.1.1 Ekonomie is ŉ sosiale wetenskap wat ŉ studie doen van hoe mense hulle behoeftes en begeertes deur … bevredig.

A onbeperkte middele
B beperkte middele
C onbeperkte hulpbronne
D onbeperkte behoeftes

1.1.2 Dit is die vertakking van Ekonomie wat na die ekonomie as ŉ geheel kyk, byvoorbeeld nasionale inkomste.

A Mikro-ekonomie
B Monetêre ekonomie
C Makro-ekonomie
D Ekonometrie

1.1.3 Die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van ŉ land oor ŉ tydperk van ŉ jaar geproduseer word staan bekend as …

A Bruto Binnelandse Produk (BBP).
B Bruto Nasionale Inkomste (BNI).
C Bruto Binnelandse Besteding (BBB).
D Ekonomiese kringloop.

1.1.4 Enige faktor, in die ekonomiese kringloopmodel, wat ŉ vermindering in die bestedingsvloei veroorsaak, word … genoem.

A inspuitings
B nominale vloei
C lekkasies
D reële vloei

1.1.5 Wanneer daar vir ten minste twee opeenvolgende kwartale ŉ negatiewe ekonomiese groei is word dit ŉ … genoem.

A ekonomiese groei
B inflasie
C piek
D resessie

(5x2) (10)

1.2 Kies ŉ **beskrywing** in KOLOM B wat by die **begrip** in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Ekonomiese doeltreffendheid | A Besighede voorsien goedere en dienste aan huishoudings, die regering en die buitelandse sektor deur uitvoere via die goederemark. |
| 1.2.2 ŉ Mark | B Dit is die verskil tussen inkomste en besteding. |
| 1.2.3 Spare | C Die boonste draaipunt op die sakesiklus. |
| 1.2.4 Piek | D Bring kopers en verkopers bymekaar met die doel om handel te dryf |
| 1.2.5 Vryheid | E Ontstaan wanneer hulpbronne, in die produksie van goedere en dienste, optimaal benut word |
| 1.2.6 Reële vloei | F Alle mense het ŉ basiese reg om vry van armoede, onkunde en slawerny te wees. |
| | G Goedere en dienste wat mense nodig het om te oorleef |

(6x1) (6)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term / woord langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer. Akronieme en afkortings word nie aanvaar nie.

1.3.1 Die ekonomiese vertakking wat die gedrag van die individuele besluitnemingseenhede van die ekonomie soos huishoudings, ondernemings en individuele verbruikers bestudeer

1.3.2 Dit is goedere met 'n hoë waarde, soos masjinerie en gereedskap wat gebruik word om ander goedere te produseer.

1.3.3 Dit is die belasting wat deur huishoudings en besighede op hulle inkomste betaal word.

1.3.4 Sakesiklus-aanwysers wat aandui wat in die toekoms met ekonomomiese aktiwiteite kan gebeur

(4x1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2**
**MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE studievelde wat verband hou met Ekonomie. (2x1) (2)

2.1.2 Wat is die verwantskap tussen skaarsheid en geleentheidskoste? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Wat word bogenoemde grafiek genoem? (1)

2.2.2 Watter punt op die grafiek sal met die laagste BBP geassosieer word? (1)

2.2.3 Gee ŉ kort beskrywing van *ekonomiese groei*. (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks watter invloed sakesiklusse op ekonomiese groei het. (2)

2.2.5 Hoe kan die regering werkloosheid in die ekonomie verminder? (2x2) (4)

2.3 Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

**Stadstoere**

Mike en Thabo het ŉ jaar gelede ŉ nuwe besigheid begin. Hulle besigheid is in Kaapstad geleë en bied stadstoere vir toeriste aan. Gedurende die afgelope jaar het hulle besigheid goed gevaar en het hulle ŉ netto wins na belasting van R500 000 gemaak. Hulle kan nie besluit of hulle die wins moet gebruik om nog ŉ toerbus vir hulle maatskappy te koop nie, en of hulle die geld as ŉ deposito op ŉ gastehuis in Kaapstad moet gebruik om hul besigheid te diversifiseer nie.

[Bron: *Geniet Ekonomie*, Graad 10]

2.3.1 Hoeveel netto wins na belasting maak die besigheid in die bostaande leesstuk? (1)

2.3.2 Identifiseer ŉ stelling uit die leesstuk wat daarop dui dat die besigheid doeltreffend funksioneer. (1)

2.3.3 Wat beteken dit '*om hulle besigheid te diversifiseer'* in die uittreksel? (2)

2.3.4 Demonstreer hoe hierdie uittreksel die probleem van skaarsheid van hulpbronne illustreer. (2)

2.3.5 Gee ŉ kort verduideliking wat die verband tussen produksie, verbruik en ruil is. (4)

2.4 Onderskei tussen *vry goedere* en *ekonomiese goedere*. (2x4) (8)

2.5 Demonstreer hoe die Suid-Afrikaanse regering basiese dienslewering aan ekonomies benadeelde mense bied om daardeur hulle lewenstandaard te verbeter. (8)
**[40]**

**VRAAG 3** **40 PUNTE – 30 MINUTE**
**MAKRO-EKONOMIE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE tipes markte in die ekonomiese kringloop. (2x1) (2)

3.1.2 Wat is die doel van die tendenslyn in die sakesiklus? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




[Source: www.google.com]

3.2.1 Watter produksiefaktor word in die spotprent uitgebeeld? (1)

3.2.2 Watter ekonomiese sektor word deur die scenario geraak? (1)

3.2.3 Gee 'n kort beskrywing van die term *relatiewe skaarsheid*. (2)

3.2.4 Wat kan die regering doen om die waterkrisis op te los? (2)

3.2.5 Wat is die invloed van die bogenoemde situasie op die ekonomie? (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| **Bestedingskomponent** | **Rand (biljoen)** |
|---|---|
| Verbruiksbesteding | 1 473 |
| Owerheidsbesteding | 505 |
| Investering | 468 |
| Uitvoere | 657 |
| Min Invoere | (678) |
| **BBP teen markprys** | **2 425** |
| Faktorinkomste deur Suid-Afrikaners oorsee verdien | 34 |
| Faktorinkomste in Suid-Afrika deur buitelanders verdien | (87) |
| **BNI** | **A** |

[Bron: Suid-Afrikaanse Reserwebank]

3.3.1 Watter metode is in die bostaande tabel gebruik om die BBP te bereken? (1)

3.3.2 Identifiseer die instansie wat verantwoordelik is vir die publikasie van bogenoemde data. (1)

3.3.3 Gee ŉ kort beskrywing van die term *faktorinkomste*. (2)

3.3.4 Noem die ander TWEE metodes wat gebruik word om die BBP te bereken. (2)

3.3.5 Bereken die waarde by **A** in bogenoemde tabel. Wys alle berekeninge. (4)

3.4 Onderskei tussen *lekkasies* en *inspuitings in die ekonomie*. (2x4) (8)

3.5 Hoe dra huishoudings by tot groei in die ekonomie? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is 'n laer-orde respons.<br>• 'n Goeie beginpunt sal wees om die hoofbegrip of sleutelwoord van die vraag te definieer.<br>• Moenie in die inleiding enige gedeelte van die vraag insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud / liggaam herhaal nie.<br>• Vermy deur in die inleiding te herhaal wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede / Diepgaande bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Analiseer / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie menings / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken 'n grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Stel voor | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br><br>Enige hoë-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening of waarde-oordeel van die feite wat bespreek is<br>• Enige addisionele ondersteunende feite wat die bespreking / analise kan versterk<br>• 'n Opponerende / teenstrydige sienswyse met 'n motivering, indien verlang<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Gee ŉ volledige bespreking van die VIER hoofdeelnemers in die Ekonomiese kringloopmodel van ŉ oop ekonomie. (26)

- Beskryf die verhouding tussen *besparings/spare* en *investering*. (10)
**[40]**

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Gee ŉ volledige uiteensetting van die fases van die sakesiklus. (26)

- Evalueer krities die invloede / gevolge van besigheidsiklusse in die ekonomie. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**